# Resensies


- d'Assonville, Victor E. 2000. **Der Begriff "doctrina" bei Johannes Calvin – eine theologische Analyse.** Münster : Lit.
  (*L.F. Schulze*) ........................................................................ 477
- De Gruchy, John W. 2001. **Christianity art and transformation. Theological aesthetics in the struggle for justice.** Cambridge : Cambridge University Press.
  (*L.F. Schulze*) ........................................................................ 481
- Van der Walt, B.J. 2001. **Transformed by the renewing of your mind. Shaping a Biblical worldview and a Christian perspective on scholarship.** Potchefstroom : The Institute for Contemporary Christianity in Africa.
  (*W.C. Vergeer*) ..................................................................... 483

# Resensies

**d'ASSONVILLE, Victor E.** 2000. **Der Begriff "doctrina" bei Johannes Calvin – eine theologische Analyse.** (Rostocker theologische Studien, Bd. 6.) Münster : Lit. 220 p. Prys: nie gemeld. ISBN 3-8358-5208-7.

**Resensent:** *L.F.Schulze*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

By die lees van hierdie werk het die woord *sure-footed* in my gedagtes bly dwaal en teruggegaan na jare gelede toe ek hierdie tekenende woord in H.R. Mackintosh (*Types of modern Theology,* 1964) se tipering van Schleiermacher se werk gelees het. Nuuskierig of my geheue reg is, het ek Mackintosch se juweel ter hand geneem en op bladsy 64 dié woord gevind waar Mackintosh Schleiermacher se *Christelike geloof* met die volgende woorde beskryf:

> He has perfect command over his subject, and a sure-footed habit of making progress. There is a noble width of outlook, an absence of bitter polemic, and a singular richness of detailed exposition and relevant digression.

Victor D'Assonville se studie is onder leiding van prof. W.H. Neuser van Münster gedoen en aan die PU vir CHO se suster-universiteit, Rostock, ter verkryging van die graad *doctor theologiae* voorgelê. Op 14 Julie 2000 het dr. D'Assonville sy proefskrif met groot kundigheid verdedig en is die graad aan hom toegeken. Die uitgawe van die werk deur Lit Verlag (Münster, Hamburg, London) is netjies versorg.

## 1. 'n Kort oorsig van die inhoud van die werk

- Die *Inleiding* bestaan uit 'n algemene agtergrond, literatuuroorsig, metodekeuse en sluit af met die aard en doel van die studie.

- In *Hoofstuk 1* word die gebruik van die begrip *doctrina* in die Nuwe Testament en deur belangrike teoloë tot in die 16de eeu kortliks behandel. Lactantius, Augustinus en Thomas van Aquino kom aan die beurt; dan Erasmus, Luther, Zwingli, Melanchthon, Bucer en die Augsburgse Konfessie (1530).

- *Hoofstuk 2* lui: "'Doctrina' by die vroeë Calvyn" ('Doctrina' bei dem frühen Calvin) en is gelaai met gedokumenteerde detailanalises van Calvyn se gebruik daarvan in sy vroeë werke (1531-1535), sy voorwoord vir die Franse Bybel van Olivetanus (1535), sy Brief aan Frans I (1535) en die eerste uitgawe van sy *Institusie* (1536).

- *Hoofstuk 3* bied 'n analise van Calvyn se gebruik van "leer" in sy uitleg van die Pastorale Briewe (1548; 1550).

- 'n Aantal *Slotstellings* (p. 201-202) vat die bevindings en die implikasies daarvan vir verdere navorsing kernagtig saam.

Die Literatuurlys is in twee verdeel: die "bronne" (primêre bronne) en die "literatuur" (byna 15 bladsye – met so 17-18 titels per bladsy – sekondêre bronne), en word gevolg deur 'n *persoonsregister* van name wat terloops in die teks genoem word.

## 2. Enkele nadere opmerkings oor die Inleiding

In die *Inleiding* is die skoffelwerk baie netjies, stap vir stap, gedoen,

### 2.1 Algemene agtergrond

Die "algemene agtergrond" (pt. 1) teken eers die eng verband tussen "leer" en "preek", maar wys ook op die dikwels onomlyndheid van die begrippe (1.1); tweedens word die tendens in die huidige Calvyn-navorsing (weg van die *Institusie* na sy preke, kommentare, polemieke) in die rigting van *Kleinforschung* met ryk literatuuraanwysings aangetoon (1.2). Onder laasgenoemde val ook begripsanalises. Gedagtig aan die beroemde openingsin van die *Institusie*: "Feitlik die volle heilsleer (= *sacra doctrina)* bestaan uit die volgende dele: kennis van God en kennis van onsself" (Simpson-vertaling), word *doctrina* dadelik onder die soeklig geplaas. In dieselfde konteks kom 'n min bedinkte waarheid na vore, naamlik dat Calvyn nooit 'n lesing oor die *Institusie* gehou het nie en dat "dogmatiese lesings" soos ons dit ken, destyds onbekend was (p. 6). Hierdie opmerking is van deurslaggewende belang om die regte greep op die betekenis van "leer" by Calvyn te bekom.

### 2.2 Literatuuroorsig

In die "literatuuroorsig" (pt. 2) word 'n opsomming gegee van *doctrina* in die ouer en jonger Calvynliteratuur (2.1). Daaruit word gekonkludeer dat dié begrip dikwels sydelings (in 'n ander verband), of skematies (saam met analises van ander begrippe by Calvyn) behandel word (2.2) en dat daar gevolglik nog ruimte is vir 'n sistematiese studie (2.3).

## 2.3 Metode

Wat die "metode" betref (pt. 3 – Methodischer Vorgang) gee die outeur hom van vier sake rekenskap, waarvan ek die essensie hier in eie woorde weergee.

2.3.1 *Stofversameling*, wat op twee maniere (metodes) gedoen kan word:

- deur alle gevalle waar Calvyn *doctrina* gebruik, byeen te bring – iets wat weens die veelvuldige gebruik van die term nie haalbaar is nie en gevolglik aanleiding kan gee tot 'n subjektiewe seleksie en oppervlakkinge bespreking van te veel data;
- deur 'n metodies deursigtige en wetenskaplik gegronde seleksie van Calvyn se werke, waarin dan alle gevalle waar die term voorkom, na te speur en te bespreek.

Die outeur kies vir die tweede metode omdat dit minder aan subjektiewe seleksie onderworpe is en groter diepgang in die analise moontlik maak (3.1).

2.3.2 *Stofseleksie en -ordening*. Twee tydperke, 'n vroeë (1531-1536) en 'n later tydperk (1548, 1550) word geselekteer ten einde vas te stel of Calvyn se gebruik van *doctrina* 'n ontwikkeling deurgemaak het (wat ten slotte nie aangetoon kon word nie – kyk stelling 6 op p. 202). Uit die vroeë tyd word alle werke chronologies behandel (kyk opsomming van hoofstuk 2 hierbo), uit die later jare net sy kommentare op die Pastorale Briewe, omdat van die 21 gevalle waar "leer" in die Nuwe Testament voorkom, 15 hierin voorkom.

2.3.3 *Met verskillende genres* (briewe, kommentare, ens.) moet by die betekenisvasstelling rekening gehou word (3.2).

2.3.4 *Stofverklaring*. Ten einde die betekenisskakerings van *doctrina* sinvol te ontsluit word deurgaans onderskei tussen die leksikaliese, denotatiewe betekenis en die verwysingsraamwerk (d.i. die diskoers-analitiese betekenis) (3.3).

## 2.4 Aard en doel

"Aard en doel" (pt. 4): Die werk het 'n sistematiese, historiese en filologiese aard, en het ten doel om die kontoere van die Refomatoriese *doctrina*-begrip, in besonder dié van Calvyn, oop te dek. Die subtiele variasies in Calvyn se gebruik van die term word aangetoon, ondersoek word ingestel of moderne vertalings hierdie nuanses weergee, wat op sy beurt uitloop op die bevinding dat die groot meerderheid vertalers en

vertolkers hierdie nuanseringe nie ken nie of op sy beste net ten dele verdiskonteer. Omdat die begrip tydens die Ortodoksie, Piëtisme en Verligting van betekenis verander het, bly die begrip in sy Latynse vorm onvertaal.

## 3. Werkwyse (Hoofstuk 3)

Die werkwyse in Hoofstuk 3 lyk eenvoudig maar is kompleks omdat Calvyn sy eie Latynse teks verklaar. Hierdie teks verskil op plekke van die Vulgaat. Wat Bybeltekste betref, is die volgende ter sake:

- die oorspronklike Griekse teks;
- die Vulgaat;
- Calvyn se Latynse teks. Hieraan voeg die outeur nog ’n vierde toe –
- die Lutherteks – en gaan dan soos volg te werk:

  – Daar word begin met die Lutherteks. In die voetnoot word die Griekse teks aangehaal.
  – Met behulp van kommentare word die betekenis van “leer” in sy konteks blootgelê en Paulus se bedoeling sodoende na vore gebring.
  – Dan volg Calvyn se Latynse teks. In ’n voetnoot kom die aanhaling uit die Vulgaat, en word die verskille van Calvyn se teks met die Vulgaat aangetoon.
  – Dan volg ’n volledige aanhaling van Calvyn se verklaring van die teks/perikoop.
  – Opmerkings oor Calvyn se aksente (ook in vergelyking met die algemene verklaring – soos byvoorbeeld in kommentare) word na vore gebring en uit die geheel gevolgtrekkings gemaak.

## 4. Slotstellings

Twee van die *Slotstellings* kan soos volg opgesom word

- Calvyn se gebruik van *doctrina* verras in sy veelvoudige betekenisse, byvoorbeeld onderwysing, prediking, samevatting (skopus) van die Skrif, inhoud van die geloof, uitleg, heilsverkondiging, sielsorg, leerstelling (*dogma* – oorwegend *in pejoratiewe sin!*). Dit verras ook in helderheid. Op grond van hierdie gegewens moet dit tot ’n regstelling (“Umdenken”) in die navorsing lei (stelling 2.1).

- Daar word geen doktrinêre *doctrina*-begrip by Calvyn gevind nie. Eksegese en sistematiese teologie is nie by hom geskei nie; die sistematiese en die pastorale vorm 'n eenheid. Op hierdie punt moet die navorsing 'n regstelling maak. (Juis met die oog op die opleiding van predikante is dit 'n fundamentele saak) (stelling 7 – *verbatim* – L.F.S).

Naskrif: Die *Caspar-Olevian-Gesellschaft Trier* het die Olevianusprys vir 2000 aan dr. D'Assonville toegeken vir uitnemende navorsing oor die Reformasie – 'n welverdiende onderskeiding.

**DE GRUCHY, John W.** 2001. **Christianity, art and transformation. Theological aesthetics in the struggle for justice.**
Cambridge : Cambridge University Press. 273 p. Prys: nie vermeld.
ISBN 0521 772052.

**Resensent:** *L.F. Schulze*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

Hierdie interessante boek bevat benewens 'n inleiding drie hoofdele. Elke hoofdeel bestaan weer uit twee hoofstukke. Die driedeling en hoofstukke is pakkend geformuleer, moeilik om in Afrikaans in adekwate betekenisskakering weer te gee, en volg hier in die oorspronklike:

**Part 1. Historical trajectories**

1. The power of sacred images
2. The beautiful, the ugly and the holy

**Part 2. Theological reflection**

3. The redemptive power of beauty
4. Restoring broken themes of praise

**Part 3. Aesthetic praxis**

5. Art in the public square
6. Art in the life of the church

Uit bogenoemde inhoudsopgawe blyk die interdissiplinêre opset van hierdie fassinerende werk. Die outeur noem die skryf van die boek "a personal journey" (p. 1) waarin hy aangehelp is deur gesprekke met prof. Julian Cooke, wat die leerstoel in Argitektuur aan UK beklee. Dit was hy wat die outeur daarvan bewus gemaak het "that apartheid was not only

unjust but also ugly, and that this was reflected in the architectural landscape of our country" (p. 1). Die samesprekings wat hier op bladsy 1 genoem word, vind neerslag in die uitgebreide beskouing oor die (sosiale) aard en funksie van argitektuur in hoofstuk 5 (p. 171-191).

In Deel 1 word dan 'n paar lyne getrek in verband met die verhouding van Christendom en kuns, vanaf die vroeë kerk se reaksie teen beelde, na 'n algaande akkommodasie daarvan tot die ikonoklastiese stryd (8ste eeu) en die rol van kuns in die Reformasie en die Tridentynse Katolisisme. Die outeur verwys in dié verband verskeie kere na Calvyn en sy transformasie van die Geneefse samelewing, byvoorbeeld op p. 45: "Art lovers misjudge Calvin and the Calvinist mainstream if they regard them as artistic vandals; they were, in fact, engaged in the reconstruction of society according to a new vision, and this vision embodied a new aesthetic …"

Die sprong aan die slot van hoofstuk 1 vanaf "the power of **sacred** images" na 'n argument wat klaarblyklik net die "power of images" behels, lyk nie logies oortuigend nie.

In hoofstuk 2 kom die estetika van die afgelope twee eeue (d.w.s. ná die Verligting) onder die soeklig: Kant, met sy skeiding van etiek en estetiek, Hegel, Forsyth. Die outeur sluit deels versigtig by die Romantiek aan (John Ruskin) maar verwerp die estetisisme ("kuns ter wille van die kuns").

In Deel 2 word gereflekteer (teologies) aan die hand van Hans Urs von Balthasar, Karl Barth en Bonhoeffer. Dié byna dialekties geformuleerde "alien beauty of the cross" (in navolging van Forsyth) bied stof tot nadenke (p. 122-128) en vind – so het ek later heel terloops uitgevind – 'n verstommende weerklank in Calvyn se kommentaar op Kolossense 2:15: "For there is no tribunal so magnificent, no throne so stately …" ensovoorts!

Hierdie kort resensie wil net 'n aptytwekker wees vir filosowe, kuns-filosowe, kunshistorici, en selfs teoloë wat 'n bietjie vensters wil oop-maak. Geniet 'n deeglike werk (met 'n aantal afdrukke van beroemde skilderye) sonder om met alles saam te stem. En dink ná oor die wêreld van God, die skeppings van die mens – dinge wat meesal by ons verbygaan.

**VAN DER WALT, B.J.** 2001. **Transformed by the renewing of your mind. Shaping a Biblical worldview and a Christian perspective on scholarship.** Potchefstroom : The Institute for Contemporary Christianity in Africa. 198 p. Prys: R 50/$8. ISBN 1-86822-382-5.

**Resensent:** *W.C. Vergeer*
(Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Oos)

Die jongste publikasie uit die pen van Potchefstroom se vermaarde Christenfilosoof, B.J. van der Walt, bevat (soos sy lesers al gewoond geraak het) die gebruiklike skerp analise, deeglike navorsing en innoverende, toepaslike sintese. Die bundeltjie bestaan uit die omwerking tot boekvorm van verskeie referate wat die skrywer by verskillende kongresse gelewer het. Die inhoud getuig van 'n leeftyd se kundigheid, ervaring en betrokkenheid by Christelike wetenskapsbeoefening.

Soos in ander publikasies (*The crying need for a Christian worldview and a Christian philosophy in Africa* [1994]; *The liberating message; a Christian worldview for Africa* [1997]) bly 'n effektiewe Bybelse wêreldbeskouing vir Afrika steeds die “heilige graal” wat Van der Walt met passie najaag. Sy mikpunt by hierdie geleentheid is die begronding en konkretisering van Christelike wetenskapsbeoefening, en Christelike hoër onderwys vir Afrika.

Van der Walt benader sy onderwerp deur in die eerste hoofstuk aan te toon watter rampspoedige gevolge verskillende dualistiese wêreldbeskouings die afgelope 2000 jaar vir die Christendom gehad het. Hy lê dualisme by Calvyn, die gereformeerde Skolastiek, Kuyper en die Christendom in Afrika bloot en beredeneer sy oortuiging dat dualisme in sy wese van heidense oorsprong is. Vyf basiese dualismes word geïdentifiseer en getipeer. Die mislukking van dualistiese wêreldbeskouings, ook in Afrika, dui volgens Van der Walt verder op die dringende behoefte aan 'n toepaslike Bybelse en Reformatoriese wêreldbeskouing. Sodanige wêreldbeskouing moet holisties wees.

In die tweede hoofstuk koppel Van der Walt die mislukking van dualisme aan die ontnugtering wat met die meeste ontwikkelingsprojekte in Afrika beleef is. Hy bied 'n Bybels-Reformatoriese wêreldbeskouing vir ontwikkelingshulp in Afrika as alternatief. Hierdie nuwe benadering bestaan uit 'n duidelik geformuleerde beskouing oor God, wet, die mens, die samelewing, die natuur en die geskiedenis. In hierdie raamwerk is die mikpunt van ontwikkelingshulp nie eerstens die skepping van materiële

welvaart nie, maar eerder die ontwikkeling van die totale mens in sy eie kultuur en in sy roeping teenoor God.

In die derde hoofstuk stel Van der Walt die hoofdoel van sy publikasie aan die orde: ’n duidelike uiteensetting van die noodsaak en begronding van Christelike wetenskapsbeoefening en Christelike hoër onderwys vir Afrika. Hierdie visie word aan die hand van Romeine 12:2 in tien duidelike riglyne ontplooi en loop uit op ’n voorstel vir ’n Afrikasentrum vir Christelike hoër onderwys.

Hoofstuk 4 ondersoek die aard en inhoud van Christelike hoër onderwys vir Afrika. Belangrike aanverwante onderwerpe soos onaanvaarbare alternatiewe vir Christelike hoër onderwys, die belang van die Bybelse begrip “openbaring” en die verhouding tussen filosofie en teologie word bespreek.

Die realiteit van Christelike hoër onderwys in Afrika word verder onderstreep deur die lewensverhaal van Thomas Jabulani Mkise (Hoofstuk 5) en die bekendstelling van die geskiedenis en die werksaamhede van IAPCHE (The International Assosiation for the promotion of Christian Higher Education) (Hoofstuk 6).

In sy geheel word die publikasie gekenmerk deur ’n oortuigende, helder uiteensetting en ’n boeiende, maklik leesbare skryfstyl. Die tegniese versorging en afwerking is goed. Die effektiewe gebruik van diagramme en sketse help om gedagtelyne saam te vat en bied op verskeie plekke ’n verhelderende oorsig oor verskillende benaderings. ’n Nuttige bibliografie by hoofstukke 1, 2, 3 en 6 verwys na bronne wat die leser verder kan raadpleeg.

Van der Walt skryf met insig en oortuiging. In sy publikasie praat hy nie net oor die beginsels van Christelike wetenskapsbeoefening nie; hy beoefen dit ook. Hiervoor put hy nie net uit ’n leeftyd se ervaring nie, maar staan hy ook op die skouers van reuse:

- Sy identifisering en beredenering van die ses basiese komponente van wereldbeskouing herinner aan die Konsekwent Probleem-historiese Metode wat so effektief deur D.H. Th. Vollenhoven gebruik is.

- H.G. Stoker se skerp analise en wetenskaplikheid kom in die ontwerp van ’n visie vir Christelike hoër onderwys in Afrika na vore.

- H. Dooyeweerd se modaliteiteleer lê die grondslag vir Van der Walt se uiteensetting van ’n Christelike mensbeskouing.

- Die anti-dualisme en ywer vir Christelike onderwys van die Nederlandse onderwyser-filosoof A. Janse is prominent in verskillende hoofstukke van hierdie publikasie.

Die meriete van Van der Walt se jongste publikasie lê in die deeglike begronding en die uitspel van praktiese konsekwensies van die ideaal van Christelike wetenskap vir Afrika. Op wetenskaplike vlak bied dit baie van dit wat nodig is vir die popularisering van hierdie ideaal in Afrika.

Selfs na die herlees daarvan laat hierdie publikasie die leser egter ook met enkele vrae:

- Is (in die idioom van Romeine 12:2) ons eie denke al genoegsaam vernuwe om Christelike wetenskap in Afrika op grondvlak te laat slaag? Het die publikasie byvoorbeeld sy eie modernistiese (rasionele) en kenmerkend Westerse benadering en verpakking genoegsaam verreken? Wat is die mense van Afrika se persepsies oor sodanige benadering?

- Is dit verantwoord om die post-modernisme met ’n blote verwysing na “relativisme” van die tafel te vee? Bied ’n post-moderne invalshoeke en metodes nie dalk die moontlikheid van meer “oop deure” (en ore) in Afrika nie?

Behalwe Romeine 12:2 (wat in die titel van hierdie publikasie figureer) is daar ook ander uitsprake van die apostel Paulus wat nie in die ontwikkeling van ’n visie vir Christelike wetenskapsbeoefening in Afrika uit die oog verloor moet word nie. Om maar twee te noem:

- 1 Korintiërs 2:2: *Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.* (Die aandrang op “vernuwing van denke” is vrugteloos voor bekering.)

- 1 Korintiërs 9:20: *Vir die Jode het ek soos ’n Jood geword om Jode te wen.* (Het ons al Afrikaans genoeg geword om die mense van Afrika te wen?)

Bogenoemde vrae wil beslis nie afbreuk doen aan Van der Walt se opwindende en inspirerende publikasie nie. Miskien is hierdie vrae eerder ’n aanduiding van hoe sy publikasie inderdaad daarin slaag om gedagtes oor Christelike wetenskapsbeoefening in Afrika aan die rol te sit!

’n Moet-leespublikasie vir Christen-wetenskaplikes in Afrika.